Kenweb Oplossings Bk CK1997/013220/23
Lede A en E van den Berg
Tel 053 2070045 faks 053 2070292 Posbus 109 Orania 8752
Webwerf www.kenweb.co.za Vonkpos kenweb@kenweb.co.za

© Kopiereg voorbehou

Graad 1
Graadhandleiding vir alle vakke

Doel van die dokument

Die doel met hierdie dokument is om 'n ouer/onderwyseres leiding te gee om 'n graad 1 kind te help met al die werk wat in graad 1 gedoen word.

Dit bestaan uit 'n voorgestelde weekprogram wat tydsgewys aantoon wat elke dag van die week gedoen kan word. 'n Beplanningsvorm word ook verskaf waarop die kind sy rekenaartyd se werk beplan. In die vakgidse word in besonderhede vir die ouer/onderwyseres voorgestel watter aktiwiteite per vak gedoen kan word. Op die doelwitvelle kan die werk wat die kind gedoen het, afgeteken word.

* Hierdie graadhandleiding voldoen aan die vereistes van Kenweb se ervaringsfondamente.

Uittreksel

Inhoudsopgawe

Inleiding: Selfgedrewe op hierdie ouderdom 3

Perseptuele ontwikkelingsprogram week 1-10

Inleiding 6
Apparaat benodig 6
Werkswyse en algemene inleiding tot elke onderwerp op die dagprogram 7
Dagprogram 10
Tabel van aktiwiteite vir elke dag 11

Voorgestelde weekprogram week 11- 40 63

Vakgidse

Afrikaans en Lewensvaardighede (werk saam in temas) 65
Tabel van temas vir Afrikaans en Lewensvaardighede 68
Afrikaanse Lees 79
Bybelonderrig 80
Engels 85
Klanke aanleer en Spelling 88
Kunsopvoeding 101
Liggaamsopvoeding 105
Musiekopvoeding 108
Skrif 112
Wiskunde 147

Beskrywing van rekenaarprogramme wat afsonderlik beskikbaar is

Rekenaarinoefenprogram vir klanke (gebruik vanaf week 3) 158
Rekenaarinoefenprogram vir spelling (gebruik vanaf week 14) 158
Rekenaar-Kenwebvaardighede (gebruik vanaf week 21) 158
Rekenaarprogram vir Visuele Persepsie (gebruik vanaf week 1) 158
Rekenaartik (gebruik vanaf week 1) 159
Rekenaarwiskunde (gebruik vanaf week 1) 159

Beplanningsvorm vir rekenaarwerk 160

Riglyne vir die gebruik van Kenweb se Aanvangsonderrig-graadhandleidings vir meer as een graad gelyktydig 161

Uittreksel

Bylaes

Werkblaaie vir week 1-10 (aparte pakkie wit vorms) 1

Doelwitvelle vir elke vak (aparte pakkie wit vorms)

Beplanningsvorm vir rekenaarwerk 8
Afrikaans 9
Lewensvaardighede 10
Afrikaanse Lees 11
Bybelonderrig 16
Kunsopvoeding 17
Liggaamsopvoeding 18
Musiekopvoeding 20
Skrif 21
Wiskunde 23

Perseptuele ontwikkelingsprogram Week 1-10

Inleiding

Baie belangrik:

Die noodsaaklikheid van die program vir die eerste 10 weke kan nie oorbeklemtoon word nie. In hierdie tyd word die boustene gelê vir al die jare wat volg se lees, skryf, reken en onthou. Daarom is dit uiters onverantwoordelik om hierdie deel oor te slaan of af te jaag. Sommige mense beskou dit net as speletjies en voel die kind moet nou begin werk. Soveel kere is al gevind dat wanneer 'n kind disleksiese tekens toon, dit reggestel word deur terug te gaan na die basiese vaardighede wat in hierdie program ingeoefen word. Waarom sal 'n mens dit dan nie van die begin af reg doen en daarmee jare se tyd, moeite en geld bespaar nie? Dit beteken nie dat wanneer 'n kind 'n sekere ding al onder die knie het, daar vir 'n lang tyd daarmee aangegaan moet word nie. Doen net alles wat in die program staan en konsentreer op die dinge waarmee die kind nog sukkel. Teken dadelik aan as 'n kind 'n sekere aktiwiteit nie regkry nie. Herhaal dit dan vir 'n hele paar tot hy dit heeltemal regkry en daar nog weer.

As ‘n mens besluit om jou kind tuis te onderrig, moet jy bereid wees om moeite te doen daarvoor. Ons het gedoen wat ons kan om die moeite tot die minimum te beperk.

Dit is belangrik dat die ouer ‘n bron van storieboeke het waaruit voorgelees kan word. ‘n Dorpsbiblioteek is hier baie handig. Daar hoef nie vir elke dag ‘n ander storie te wees nie, kinders hou van herhaling, maar daar moet darem ‘n goeie verskeidenheid deur die jaar wees. Die luister na voorgelese stories is bewys as een van die belangrikste boustene in die ontwikkeling van ‘n goeie leesvermoë. Laat die kind langs die ouer sit sodat hy saam in die boek kan kyk en toon soms met die vinger aan waar gelees word.

Verder moet die ouer vooraf kyk na die volgende dag se aktiwiteite sodat materiaal bymekaar gemaak kan word soos benodig, byvoorbeeld prente uit tydskrifte of klein voorwerpe vir sortering of ‘n legkaart. ‘n Mens kan natuurlik ook improviseer en iets anders gebruik wat dieselfde doel kan dien. Dit is goed as die ouer ‘n duidelike oorsig het oor die hele dag se werk sodat prentjies wat bv. uitgeknip moet word as deel van handvaardigheid, kan aanpas by die storie wat gelees is of die onderwerp van lewensvaardighede of die oggend se wiskunde. Die ideaal moet wees om ‘n mate van deurlopendheid deur ‘n dag en selfs ‘n week te verkry, sonder om rigied net by een tema te hou. Die stories wat uitgesoek word, kan ook die tema van die Afrikaanse mondeling of lewensvaardighede ondersteun.

Uittreksel

Apparaat benodig

‘n Opsomming van die belangrikste apparaat wat vir die program nodig is, is die volgende:
Stomppuntskertjie, vetkryt, bordkryt, ‘n swartbord(jie), ou tydskrifte, gom, speelklei, papier, ‘n skrif sonder lyne of blokkies, groterige plastiekbal, tennisballe, boontjiesakkie, geheuespel met kaartjies (Lotto), legkaarte, houtkrale, knope, appelkoospitte, sade, ander klein voorwerpe, 'n handmarionet, kassetspeler, kassette, roomysstokkies, gekleurde hout- of plastiekblokkies van 1 kubieke cm., ander groter blokkies van verskillende vorms, ander huishoudelike artikels (word in die program beter beskryf). ‘n Penbord wat gaatjies het en verskillende kleure pennetjies wat daarin pas met die kaartjies van verskillende vorms wat gebou kan word of ‘n albasterbord wat holtetjies het waarin verskillende kleure albasters pas en kaartjies vir patrone daarby. ‘n Loopplank en balanseerbord is baie nuttig en lyk so:



Die loopplank (links) se lengte is 3 meter sy breedte 100mm en sy dikte 50 mm.

Die balanseerbord is bo 400 x 400mm en 25mm dik. Die blokkie wat onder vasgeskroef word, is 75 x 75 mm en 50 mm dik.



DAGPROGRAM VIR WEEK 1-10

Bybelonderrig en sing (15 min) *Temas aangedui in hoofstuk oor Bybel*
Nuus, geleentheid om te gesels oor dinge wat gebeur het.(5 min)
Voorbereidende wiskunde (30 min)
Liggaamlike opvoeding en toilet (15 min)
Versnaperinge. Voorlees van ‘n kort storie, twee dae per week ‘n Engelse storie (15 min)
Pouse (15 min)
Voorbereidende lees en aanleer van klanke (30 min)
Voorbereidende skrif (20 min)
Sang en musiek, rympies en gediggies, Engels (20 min)
Kuns en handvaardighede, gebruik van opvoedkundige konstruksiemateriaal (30 min)
Pouse (20-30 min)
Lewensvaardighede (20 min)
Afrikaans mondeling. Uiting van gedagtes. (15 min)
Storie (10 min)
Rekenaarwerk (30 min)

(Die kriteria en oorwegings van al die aspekte van dié dagprogram word in die vorige afdeling volledig bespreek. In die tabel wat volg is die besonderhede uitgespel.)

Uittreksel

Week 1: Dag 1 Tema en uitstalling: Padveiligheid: Voetgangers

Voorbereidende Wiskunde	Liggaamlike opvoeding	Kort storie	Voorbereidende lees en aanleer van klanke	Voorbereidende skrif
Telaktiwiteit: Tel liggaamsdele. Tel hoeveel bene, voete, oë, ore, neus. _____ **Telrympie:** Begin telrympie leer: 1, 2, 3, al die voëltjies vlie; 4, 5, 6, elkeen na sy nes. Doen aksies daarby. Sê so drie of vier keer oor. _____ **Woordeskat:** Kyk in vertrek rond en noem groot artikels en dan weer klein artikels, ook groot, groter en grootste; klein kleiner en kleinste. _____ **Apparaat:** Bou met boublokke 'n trein, 'n brug, 'n toring, 'n trap, ens. _____	Speel musiek en loop op die maat daarvan, swaai die arms. Loop agter die leier aan wat verskillende bewegings voordoen, bv. arm oplig en dan weer sykant toe hou; dieselfde bewegings met die ander arm maak, draaie deur die vertrek maak, onder die tafel deurkruip, bo-oor 'n lessenaarstoel klouter, ens. _____	Titel: _____ _____ _____ _____	Wys verskillende voorwerpe in die vertrek uit. Kind benoem dit. Dit bevorder voorgrond en agtergrond onderskeiding. _____ Bespreek die voorwerpe met die kind ten opsigte van kleur en grootte. _____ Skryf kind se naam op 'n kaartjie en plaas dit op sy tafel waar hy dit dikwels kan sien. _____	Maak 'n krabbel op die skryfbord. Let op die hantering van die kryt. Al die vingers word om die kryt gevou en los, vry bewegings word uitgevoer. Vee uit en maak nog een of twee. _____

Sang en musiek	English	Kuns- en handvaardighede, konstruksiemateriaal	Lewensvaardighede	Afrikaans mondeling	Storie Rekenaarwerk
Sing een of twee liedjies wat die kind(ers) ken. _____	Say: Touch your nose, touch your eye, touch your mouth. The child(ren) only do the actions to demonstrate that they listen and understand. _____	Knip uit ou tydskrifte groot prente van mense of net van gesigte uit. Bêre om later te gebruik. _____	Indien die skoolruimte 'n onbekende plek is, neem kind(ers) op 'n toer deur die gebou en maak seker dat hulle weet waar die belangrike plekke soos die toilette, speelplek en klaskamer is. Gesels oor gebruik van openbare geriewe. Indien skoolruimte bekend is, kan met die tema Voetganger begin word. **Geskiedkundige aspek**: Mens se vroegste vervoermiddel sy voete, boodskappers, voetpaaie. *(Indien onseker oor hoe om die aspek van die tema aan te pak, lees daaroor in die hoofstuk Afrikaans en Lewensvaardighede)* _____	**Bespreking:** Bespreek die veiligheid van kinders as voetgangers wat betref onsigbaarheid en onvoorspelbaarheid. *(Indien onseker oor hoe om die bespreking aan te pak, lees daaroor in die hoofstuk Afrikaans en Lewensvaardighede)* _____	'n Storie waarin padveiligheid 'n rol speel, is baie gepas. Titel: _____ _____ _____ _____ _____ Rekenaarwerk gedoen _____

Uittreksel

Voorgestelde weekprogram graad 1 vanaf week 11

Maandag

08:00 Bybel
08:20 Nuus, praat oor die dinge wat die naweek gebeur het
08:45 Wiskunde telaktiwiteite, woordsomme
09:10 Skoonmaaktyd
09:30 Pouse
10:00 Wiskunde handboekaktiwiteite
10:15 Skrif
10:45 Klanke aanleer en spelling
11:15 Afrikaans bespreking
11:30 Lewensvaardighede: Geskiedkundige aspek
11:45 Engelse mondeling
12:00 Pouse
12:30 Lees
12:45 Rekenaarwerk
13:15 Opruim en afsluit

Uittreksel

Dinsdag

08:00 Bybel Teken enige van die vorige week se verhale in Bybelboek
08:30 Wiskundige telaktiwiteite, woordsomme
08:45 Wiskunde handboekaktiwiteite
09:10 Skoonmaaktyd
09:30 Pouse
10:00 Skrif
10:30 Klanke aanleer en spelling
11:00 Liggaamsoefening
11:15 Afrikaans taalaspek
11:30 Lewensvaardighede: Gesondheidsaspek
11:45 Engelse storie voorlees Van week 21 af ook Engels lees
12:00 Pouse
12:30 Lees
12:45 Rekenaarwerk
13:15 Opruim en afsluit

Vakgids: Afrikaans en Lewensvaardighede
Week 11-40

In hierdie deel word verduidelik hoe die Lewensvaardighede en Afrikaanse aspekte aangepak word. Hierby hoort die doelwitvelle met die titels: "Kyk hoe vorder ek met Lewensvaardighede se aktiwiteite " en "Kyk hoe vorder ek met Afrikaanse Skryfwerk". Dit kom in die kind se lêer en daarop word elke week afgeteken sodra die week se aktiwiteit of skryfwerk afgehandel is. In die algemene hersieningsweke word geen aktiwiteite of Skryfwerk gedoen nie.

Dit is belangrik om wanneer op die doelwitvel afgeteken word, met die kind te gesels oor hoeveel hy al gedoen het en soms ook terug te dink aan lekker dinge wat al gedoen is.

Doel van Afrikaans

Die doel met Afrikaans is om die kind geleentheid te gee om homself mondelings en skriftelik in sy moedertaal uit te druk en ook meer van die woordeskat en gebruike van die taal te leer. Dit vind in die eerste twee jaar veral, heel informeel plaas.

Doel van Lewensvaardighede

Die doel met lewensvaardighede is om die kind bekend te stel aan die wêreld om hom en aan hom vaardighede te leer om doeltreffend in die omgewing te kan lewe. Daarom word baie tyd afgestaan aan besprekings. Deur die besprekings kan die kind kennis bekom en sy houdings oor die onderwerp ontwikkel. Met die aktiwiteite leer hy sekere vaardighede aan en oefen homself in die beheersing van die onderwerp.

Uittreksel

Implementering

Die werk wat in hierdie gids aangedui word, neem sowat 'n uur en 'n half van elke werksdag op. Op die vasgestelde tyd word daar bymekaar gesit en vind eers die Lewensvaardighede bespreking plaas. (Dit word verder hieronder uiteengesit). Daarna word die taaltema hanteer, of gaan die kind(ers) na sy werkplek toe en skryf/teken sy Skryfwerk. Op 'n Donderdag begin die kind(ers) dadelik met die aktiwiteit of vertrek op die uitstappie. Uitstappies is baie belangrik omdat dit die kind met die werklikheid in kontak bring en hy ook leer hoe om homself te gedra in sulke omstandighede.

Herhaling

Hierdie gids maak voorsiening vir aktiwiteite vir graad 1, 2 en 3 vir ouers of klasse waar daar kinders in meer as een graad is. Kinders wat dus nou in graad 1 is, gaan nie volgende jaar die aktiwiteite wat in hierdie gids vir graad 2 gemerk is, doen nie, maar ander soortgelyke aktiwiteite op nuwe temas in die graad 2 gids.

Lewensvaardighede

Uitstallings
In die tabel word daar by elke week 'n idee gegee van 'n uitstalling wat gemaak kan word op 'n tafel in die werkplek. Dit gee die kind(ers) meer betrokkenheid by die tema en kan algaande uitgebou word. Dit is verkieslik dat die kind(ers) items vir die uitstalling versamel gedurende die naweek en dit dan Maandagoggend help uitstal. 'n Opskrif vir die tafel is baie belangrik. Dit kan groot met die hand geskryf of getik word, maar moet saam met die kind(ers) gelees word wanneer dit op op bo die tafel geplaas word.

Besprekings
Elke dag word die betrokke onderwerp uit 'n ander hoek bespreek, aan die een kant ter wille van interessantheid, maar aan die ander kant om die omvattendheid van ons omgewing tot sy reg te laat kom. Die verskillende hoeke is

TEMAS VIR EERSTE JAAR

Week	Onderwerp vir lewensvaardighede	Afrikaans
11	**Ons mense: Eetgewoontes** **Uitstalling:** Gedekte tafel met eetgerei en messegoed **Geskiedkundig:** Mense in grotte, later messe, daarna kleipotte **Gesondheid:** Nie ooreet, goeie tafelmaniere **Aardrykskundig:** Waar kom kos vandaan? Veeplase, graanplase en groenteplase oorsigtelik (later meer besonderhede) **Alg. Natuurwetenskaplik:** Watter dele van 'n plant eet ons? Blare, stingels, wortels, blomme, vrugte. **Aktiwiteite:** Gr 1: Berei op 'n papier die vorms van 'n bord, kleinbordjie, mes, vurk en lepel deurmekaar voor, laat die kind dit uitknip en op 'n ander papier plak soos 'n tafel wat gedek word. Die papier kan eers as 'n tafeldoek versier word. Gr 2: Soek prentjies uit tydskrifte van eetgerei en verskillende messegoed. Plak dit in en skryf langsaan wat dit is en waarvoor dit gebruik word. Gr 3: Teken vier soorte lepels, vurke en messe en skryf by elkeen in watter omstandighede dit gebruik word.	**Bespreking:** Vertel wat gebeur aan tafel by julle huis **Taalkundig:** Meervoude: mes – messe, vurk – vurke; lepel – lepels, bord – borde, glas – glase, tafel – tafels, stoel – stoele. **Skryfwerk:** Gr 1: Teken julle familie aan tafel. Gr 2: Teken die familie aan tafel en skryf in 'n praatblasie een ding wat elkeen sê. Gr 3: Skryf 'n dialoog van wat aan tafel gepraat word **Woordeskat:** Borde, kleinbordjies, messe, vurke, lepels, koppies, pierings, glase
12	**Ons mense: Woonplekke** **Uitstalling:** Prentjies van verskillende huise, woonstelle, ens. **Geskiedkundig:** Groot enkel huise vroeër op plase en nou huise in dorpe en stede, woonstelle ens. **Gesondheid:** Waarom moet huise gereeld skoongemaak word, stofallergieë, netheid. **Aardrykskundig:** Huise van inheemse volke in SA en Afrika, Eskimo's, Japannese, Indonesiese eilande **Alg. Natuurwetenskaplik:** Redes vir huise: temperatuurregulering, beskutting **Aktiwiteite: Gr 1**: Knip 'n prentjie van 'n mooi huis uit 'n tydskrif en plak dit in. **Gr 2:** Soek 'n prentjie van 'n vreemde soort huis in 'n tydskrif, knip dit uit en skryf 'n sin of twee daarby. **Gr 3:** Beskryf gevare wat 'n huis kan tref soos 'n orkaan of 'n oorstroming. (Moontlik iets wat in die nuus was)	**Bespreking:** Bespreek verskillende woonplekke in 'n stad **Taalkundig:** Geslag: Man vrou, seun dogter, oupa ouma, oom tannie, neef niggie. **Skryfwerk:** Gr 1: Teken jou droomhuis Gr 2: Teken julle huis se plan Gr 3: Teken een of ander gebou se plan **Woordeskat:** huis, deur, venster, dak, plafon, stoep, solder, kelder, skoorsteen, kaggel
13	**Uitstappie na 'n huis met 'n mooi tuin** **Uitstalling:** Potplante, miskien 'n paar kruie, paar boontjies tussen nat watte om ontkieming waar te neem **Geskiedkundig:** Tuine se eerste nut vir groente, vrugte en kruie, (groot vrugteboorde, vrugte ingelê vir die winter) ook vir versiering en ontspanning **Gesondheid:** Die waarde van 'n rustige plek en van tuinwerk vir ontlading van spanning **Aardrykskundig:** Sekere plante groei in sekere tuine makliker omdat dit meer of	**Bespreking:** 'n Tuin is vir elke mens belangrik **Taalkundig:** Verkleinwoorde: tuin – tuintjie, blom – blommetjie, boom – boompie, gras – grassie, pad – paadjie **Skryfwerk:** Gr 1: Teken 'n mooi tuin Gr 2: Beplan 'n nuwe tuin op 'n stuk papier, skryf waar die grasperk, bome en beddings gaan wees. Gr 3: Beskryf 'n mooi blom / struik / boom / plekkie in julle tuin of 'n

uittreksel

	minder water nodig het – gebruik eie omgewing as verduideliking **Alg. Natuurwetenskaplik:** Hoe plante gekweek word van saad, saailinge en dat plante bestaan uit wortels, stamme en takke. **Uitstappie**	tuin wat jy ken. **Woordeskat:** grasperk, bedding, struik, visdam, skaduwee, saad, saailinge, kruie, wortels
14	**Ons mense: Troeteldiere** **Uitstalling:** Ensiklopedieë met prente van verskillende soorte honde, katte en ander troeteldiere **Geskiedkundig:** Watter troeteldiere het mense in die ou tyd gehad en waarom het hulle troeteldiere aangehou **Gesondheid:** Gesonde gewoontes rondom 'n troeteldier **Aardrykskundig:** Watter soorte diere word as troeteldiere aangehou: honde, katte, voëls, witrotte, hamsters, hoenders, visse Alg. Natuurwetenskaplik: Nut van huisdiere vir die mens – waghou, maats wees, ontspanning, muise vang. **Aktiwiteite: Gr 1**: Teken jou troeteldier **Gr 2:** Skryf 'n paar sinne oor jou troeteldier **Gr 3:** Skryf 'n storie oor wat jy en jou troeteldier alles doen	**Bespreking:** 'n Mens moet jou troeteldier goed oppas **Taalkundig:** Byvoeglike naawoorde in sinne met "is" bv. die hond is groot / klein; die kat is spelerig / kwaai; die voëltjie is blou / groen; die hamster is oulik / skaam. **Skryfwerk:** Gr 1: Teken 'n prentjie van 'n soort troeteldier wat jy graag sal wil hê, maar nie het nie. Gr 2: Skryf 'n paar sinne oor hoe jy jou troeteldier versorg. Gr 3: Beskryf hoe jy jou troeteldier in die hande gekry het. **Woordeskat:** troeteldier, versorging, inspuitings, behoeftes

Uittreksel

Vakgids: Bybelonderrig

In hierdie deel word die Bybelgedeeltes aangegee wat daagliks gelees kan word in die Bybelonderrig. Daar word vier leesstukke vir elke week gegee sodat een dag gebruik kan word vir tekenaktiwiteite. Hierby hoort die doelwitvel met die titel "Kyk hoe vorder ek met Bybeltekenaktiwiteite". Dit kom in die kind se lêer en daarop word elke week afgeteken sodra die week se tekenaktiwiteit afgehandel is.

Doel

Die doel met Bybelonderrig is om die kind(ers) vertroud te maak met die inhoude van die Bybel. Daarom word 'n kronologiese verloop gevolg en word Ou sowel as Nuwe Testamentiese dele die jaar behandel.

Daar word aanvaar dat huisgodsdiens of skoolopeninge bo en behalwe Bybelonderrig elke dag gedoen word, waar die toepassing van die Christelike beginsels op elke dag se lewenswyse ter sprake kom, daarom gaan dit hier oor kennisinhoud.

Wat om te doen

Lees aan die kind(ers) die voorgestelde gedeelte uit die Bybel voor. Bespreek daarna die mense, gebeure, oorsake en/of gevolge om te kyk of die kinders gehoor en verstaan het wat gelees is. Onthou dit gaan in hierdie lesse veral oor die kennisinhoud. Hou die verband met die vorige dae se werk deur vooraf af te vra: “Wat / Waarvan / Van wie het ons gister geleer?” en miskien 'n inleidingsin soos: “Vandag gaan ons sien wat toe gebeur het. / Vandag lees ons van iets nuuts / iemand anders.”

Herhaling

Die program word in ‘n siklus van drie jaar opgestel sodat kinders in gr 1, 2 en 3 almal hierdie jaar dieselfde aktiwiteite kan aanpak. Indien 'n mens dus meer as een kind in die fase het, doen 'n mens almal saam hierdie jaar dié werk en dan volgende jaar die werk in die graad 2 vakgids.

Uittreksel

Tyd

Ongeveer 20-30 minute word spandeer aan die lees en bespreking van die gegewe gedeelte. Een dag van die week word gebruik om 'n tekening te maak oor een van die week se gedeeltes. Later in die jaar kan 'n opskrif daarby geskryf word.

Week 1

Gen 1: 1-19 Eerste drie dae van die skepping
Gen 1: 20-31 Laaste vier dae van die skepping
Gen 2:1-17 Skepping van die mens
Gen 2: 18-25 Skepping van die vrou en die tuin

Week 2

Gen 3:1-7 Sondeval
Gen 3:8-13 Sondeval (vervolg)
Gen 3:14-24 Straf vir die sonde
Gen 4: 1-16 Kain en Abel

Week 3

Gen 6:5-14 Die Here kies Noag
Gen 6:15-22 Bou van die ark
Gen 7:1-12 Die vloed begin
Gen 7:13-24 Die gevolg van die vloed

Week 4

Gen8:1-8:7 Die loslaat van die kraai
Gen 8:8-17 Die loslaat van die duif
Gen 8:18-22 Noag uit die ark
Gen 11:1-9 Die toring van Babel

Vakgids: Klanke aanleer en Spelling

In hierdie deel word verduidelik hoe om u kind(ers) die basiese klanke aan te leer. Die veronderstelling is dat dit saam met die Klanke inoefen rekenaarprogram van Kenweb gebruik sal word. Die aktiwiteite wat hieronder aangegee word, word as deel van die onderrigtyd gedoen en die rekenaarprogram word dan in die rekenaarhalfuur van die dag(e) wat beplan is, gebruik om die kennis vas te lê, soos op daardie doelwitvel verduidelik.

Vanaf week 14 word spelwoorde ook bygebring, waarvoor daar ook 'n rekenaarprogram bestaan.

Geen doelwitvelle word vir hierdie aktiwiteite gegee nie, omdat aanvaar word dat die kind se aandeel op die twee rekenaarprogramme se doelwitvelle afgeteken word.

Doel

Die doel is om al die basiese klanke van Afrikaans aan die kind(ers) bekend te stel ter wille van doeltreffende lees en skryf.

Spelling

Vanaf week 14 word begin om die aangeleerde klanke in eenlettergrepige woorde te gebruik.

Op dag 2 word die spelwoorde van die week bekend gestel. Dit word gewoonlik gedoen deur die woorde een vir een op die bord te skryf en die kind(ers) dit in 'n boekie te laat afskryf. 'n Boekie met waterlyne kan hiervoor gebruik word. Langs elke woord kan die kind 'n klein sketsie met kleurpotlode maak om die begrip te illustreer.

Dag 3 en dag 4 word gebruik om die woorde in te oefen. Hiervoor is die rekenaarprogram ideaal.

Op dag 5 word 'n speltoetsie geskryf. Die woorde word vir die kind(ers) gelees en hulle moet dit neerskryf. Dié toetsies kan van agter af in die boekie geskryf word. Indien die tyd op 'n dag min is, hoef net 'n paar woorde uitgesoek te word.

Daar word op die Spellingdoelwitvel voorsiening gemaak vir die afteken van die geskryfde woorde en die toetsie elke week.

Uittreksel

Aktiwiteite

Week 11

Dag 1

Leer f-klank.

- Laat kind(ers) die f met hulle liggame vorm terwyl hulle na 'n groot voorbeeld-f kyk: Die linkerarm maak 'n boog bo die kop verby en die regterhand se elmboog word teen die lyf vasgedruk en die voorarm na vore wys om die strepie voor te stel. Kind(ers) kyk na mekaar se profiel.
- Klank woorde met f en laat kind(ers) sê watter woord dit is, bv. f-o-p, f-e-l, f-y-n, k-a-f, l-a-f, g-i-f, r-i-f, s-i-f.
- Ouer/onderwyseres skryf 'n bladsy vol letters met heelwat f's daarby. Kind(ers) moet al die f's omkring.

Dag 2

Leer f-klank.

- Skryf 'n f-sinnetjie neer waar die kind(ers) sien hoe dit geskryf word. Bv. Fienie die fyn feetjie ry fluks fiets.
- Maak reënboogletters van al die f's in die sinnetjie. Maak seker dat hulle die letter op die regte plek begin en hulle hand optel om die strepie te maak.
- Laat die kind(ers) vir Fienie op haar fiets teken en dan 5 f's rondom die prentjie skryf.

Dag 3

Leer u-klank.

- Laat kind(ers) woorde met u as middelklank klank.
- Gee woorde soos bus, dus, lus, kus, rus, buk, nuk, ruk, fut, (verduidelik wat dit beteken as iemand se fut uit is), hut, put, bul. Ouer/onderwyseres skryf elke woord neer soos dit geklank word.
- Kind(ers) skryf die woorde af, maar moet elkeen klank terwyl dit geskryf word.

Dag 4

Leer u-klank.

- Maak 'n storietjie van 'n bul en 'n vul en probeer soveel woorde met u-klanke gebruik as moontlik. Kin(ers) luister in stilte en maak elke keer wanneer hy 'n u-woord raakhoor 'n strepie op 'n stukkie papier. Aan die einde word die aantal strepies opgetel en daar word gekyk of hulle al die woorde gekry het.

- Neem 'n A-4 papier en kind maak so groot as moontlike u daarop. Maak 'n u daarbinne wat 'n bietjie kleiner is, daarna nog een 'n bietjie kleiner. Sê die klank elke keer hardop. Tel aan die einde hoeveel u's ingepas het.

Dag 5
Hersien f- en u-klanke asook vroeër klanke.
- Ouer/onderwyseres skryf 'n klomp woordjies deurmekaar op 'n vel papier neer, bv. gif, kul, vas, muf, som, lot, kyk, veg, suf, mus, lof, lip, jok, ens. Kind(ers) kies enige woordjie op die papier en klank dit. Merk dit reg as dit reg geklank is, en los oop as dit verkeerd is sodat die kind(ers) dit later weer kan kies.
- Kind(ers) skryf self sowat 10 woordjies neer wat hulle klank terwyl hulle skryf.

Week 12

Dag 1
Leer d-klank.
- Vandag gaan ons d leer. Watter name begin met d? Danie, Dawie, Dina, Dora, ens. Ouer/onderwyseres sê 'n klomp woorde sodra, 'n woord gesê word wat met d begin, steek die kind(ers) hulle hande op en sê wat die woord is, as die kind(ers) 'n woord nie oplet nie, gaan doodeenvoudig aan en sluit die woord later weer in die lys in tot dit raak gehoor word, bv. dag, hak, reg, dek, lig, wik, dig, bal, val, dam, vel, vet, sif, das, ruk, sug, dus, lyk, byl, tog, dog, dol, gom, dop, nul, vyl, dak, pak, rak.
- Kind(ers) dink aan vyf dinge wat met d begin en teken elkeen. Laat maat raai en die ding se naam probeer byskryf. Maak dit maklik soos dam, das, dak, dop, dik.

Dag 2
Leer d-klank
- Ouer/onderwyseres skryf 'n sinnetjie neer met baie d-woorde terwyl dit voorgesê word, bv. Die drie diepseeduikers duik daagliks daar by die dokke. Laat kind(ers) al die d-klanke omkring.
- Soek na sowat 15 d's uit tydskrifte en sny uit. Plak in. Sorg dat dit d's is en nie p's of b's nie.

Uittreksel

Dag 3
Leer i-klank
- Noem 'n woord met 'n i-klank, bv. dig, laat kind(ers) die laaste klank verander en kyk hoeveel woorde hulle nog kan vorm, bv. dik, dip, dis en dit. Ouer/onderwyseres skryf elke keer die woord neer sodat kind dit kan sien. Dan bv. gif en kind(ers) noem gil, gis. Ook wit, en kind(ers) noem wik, wil, wip, wis.
- Laat kind(ers) nou die eerste klank verander, bv. mik, word hik, pik, tik, wik, dik.

Dag 4
Leer i-klank
- Noem moeiliker woorde met die i-klank en klap vir elke lettergreep. (Pasop vir woorde wat klink of dit 'n i in het maar met 'n e geskryf word.) Gebruik bv. wikkel, minder, wissel, ritte, witter, ligter, verligte, verpligte, verpligtend, gesig, gesigte, minister, dikwels, kinders.
- Noem i-woorde kind(ers) gee rymwoorde daarvoor, bv. vis – gis, lig – plig; rig – sig; pik – wik; ligte – pligte; gedig – gesig.
- Maak 'n storie op oor twee kinders, Ina en Isak en maak die kind(ers) bewus daarvan dat die i-klank dikwels ook as ie uitgespreek word.

Dag 5
Hersien d- en i-klanke
- Gebruik die lyste woorde wat op dag 3 geskryf is en verander die binneklanke en kyk of dit nog 'n woord vorm.
- Noem 'n woord wat bestaan uit klanke wat al geleer is en die kind(ers) klank die woord, bv. sê vas, kind(ers) sê v-a-s. Ook jas, vis bos, tor, dof, ken, sat, man, min, vat, mes, kan, dal, lym, bom, sin, kok, jok, pit.
- Laat kind(ers) so vyf daarvan neerskryf van gehoor af, sê die woord, laat hulle dit hardop klank en neerskryf as hulle kan, anders klank hulle dit terwyl jy neerskryf en hulle skryf dit af en klank dit self terwyl hulle skryf.

Week 14 Van hier af kom spelwoorde ter sprake

Dag 1
Leer aa-klank
- Verduidelik die verskil tussen 'n a-klank en die aa-klank. Laat kind(ers) woorde noem waarin aa voorkom, bv. aar, waar, maar, gaan, laan, slaap
- Sê 'n woord waarin die kort klank a voorkom en laat hulle die binneklank verander na aa, bv. lat, mat, was, val, mal, mag, mas, gas, kas, slap

Dag 2
Bekendstelling van die klank y in maklike eenlettergrepige woorde

hy my by ry sy ly vy dy ys yl

- Skryf die woorde op die bord en laat die kind(ers) dit afskryf en daarby teken, indien moontlik.
- Teken af op die spellingprogram (rekenaarprogram) se doelwitvel

Dag 3 en 4
Maak 'n kort sinnetjie met elke woord, laat kind(ers) help om die sin te maak.
Oefen die spelwoorde met rekenaarprogram (01:01) en teken af

Dag 5
Speltoetsie
- Lees die woorde (of party na gelang van beskikbare tyd) hardop en die kind(ers) moet dit neerskryf.
- Teken af op die spellingprogram (rekenaarprogram) se doelwitvel

Uittreksel

Week 15

Dag 1
Leer oo-klank
- Laat kind(ers) sê wat is die verskil tussen pot en poot, lof en loof, lot en loot, som en soom, sog en soog, ens. (Sorg dat die kind(ers) weet wat die betrokke woorde beteken)
- Laat kind(ers) nog woorde met oo noem, bv. oop, oor, oos, oog, roos, soos, sool, koor, koop, ens.

Dag 2
Bekendstelling van die klank o in maklike eenlettergrepige woorde

om of op os ot bok bol bom bos dop

- Skryf die woorde op die bord en laat die kind(ers) dit afskryf en daarby teken, indien moontlik.
- Teken af op die spellingprogram (rekenaarprogram) se doelwitvel

Dag 3 en 4
Maak 'n kort sinnetjie met elke woord, laat kind(ers) help om die sin te maak.
Oefen die spelwoorde met rekenaarprogram (02:01) en teken af

Dag 5
Speltoetsie
- Lees die woorde (of party na gelang van beskikbare tyd) hardop en die kind(ers) moet dit neerskryf.
- Teken af op die spellingprogram (rekenaarprogram) se doelwitvel

Vakgidse: Liggaamlike Opvoeding

In hierdie deel word verduidelik hoe om u kind(ers) te laat liggaamsoefeninge doen. Hierby hoort die doelwitvel met die titel: “Kyk hoe vorder ek met my oefeninge.” Dit kom in die kind se lêer en daarop word elke keer afgeteken sodra die liggaamlike opvoedingsessie afgehandel is. In die algemene hersieningsweke word geen formele liggaamlike oefening gedoen nie.

Dit is belangrik om wanneer op die vorderingsvel afgeteken word, met die kind te gesels oor hoeveel hy al gedoen het en soms ook terug te dink aan sessies wat besonder lekker was.

Doel

Die doel met liggaamlike opvoeding is om die kind te help om sy liggaam te leer ken en om sy balans, spiersterkte, koördinasie, krag, ratsheid, spoed en akkuraatheid te oefen.

Indien liggaamlike opvoeding in 'n groep gedoen word, leer dit hulle om saam te werk, beurte af te wag, lojaal, eerlik en hoflik teenoor mekaar te wees. Dit ontwikkel ook selfvertroue, moed en deursettingsvermoë.

Wiskundige begrippe soos lank/kort en vinnig/stadig en tel word ook vasgelê.

Herhaling

Die program word is dieselfde in al drie die vakgidse van graad 1, 2 en 3. Deur die samestelling van die sessies sorg die ouer/onderwyseres dat daar genoeg afwisseling is.

Uittreksel

Tyd en Plek

Liggaamlike opvoeding word gewoonlik twee maal per week vir sowat 'n halfuur op 'n keer ingepas.

Dit is voordelig om die oefeninge buite te doen, maar dit kan in uitsonderlike gevalle binne gedoen word, met aanpassing van die aktiwiteite.

Samestelling van 'n sessie

Elke sessie bestaan uit sowat:
5 minute se opwarmingoefeninge
10 minute se spieroefeninge vir verskillende spiere, bv. arm-, maag- en beenspiere.
15 minute se vaardigheidsoefeninge.

Hieronder word verskeie aktiwiteite vir elke soort oefening gegee. Die ouer/onderwyseres kies met elke sessie een of twee aktiwiteite uit elke groep om die tyd vol te maak. Die keuse word so gedoen dat die lesse interessant bly, dus genoeg afwisseling bied. Dit moet ook by die kind(ers) se vaardigheidsvlakke aanpas en progressief moeiliker gemaak word. Dis belangrik om te improviseer soos die omstandighede dit noodsaak.

Voorgestelde aktiwiteite

Opwarmingsoefeninge

1. Draf op een plek vir 50 treë, tel elke keer as die linkervoet die grond raak. Kind(ers) kan hardop saam tel.
2. Vry rondhardloop vir 1 minuut, daarna huppel, galop, stap, draf, elk vir 'n minuut.
3. Marsliedjies sing terwyl op die maat daarvan gemarsjeer word.
4. Op die maat van musiek beweeg, stadig en swaar op lae note, fyn en vinnig op hoë note.
5. Strek arms hoog bo die kop uit, hou so vir 5 sekondes, strek stadig na een kant toe met arms bo die kop, hou vir 5 sekondes en dan weer na die ander kant toe en hou vir 5 sekondes. Stap op die plek vir 10 treë, draf op een plek met knieë hoog opgetel vir 10 treë en dan met voete agtertoe geskop vir 10 treë. Stap weer vir 10 treë, draf met knieë op en weer met voete agterop, elk 10 treë. Herhaal nog drie maal.
6. Hardloop vry rond, kind(ers) kan vorentoe, agtertoe en sywaarts hardloop. Wissel hardloop en draf en stap af, maar verander gedurig van rigting.

Vakgidse: Musiekopvoeding

In hierdie deel word verduidelik hoe om u kind(ers) te laat musiek doen en beleef. Hierby hoort die doelwitvel met die titel: “Kyk hoe vorder ek met musiek.” Dit kom in die kind se lêer en daarop word elke week afgeteken sodra die week se musiekaktiwiteit afgehandel is.

Dit is belangrik om wanneer op die vorderingsvel afgeteken word, met die kind te gesels oor hoeveel hy al gedoen het en soms ook terug te dink aan lekker dinge wat al gedoen is.

Doel

Die doel met musiekopvoeding is om die sinvolle kommunikasie tussen mense deur musiek te beleef en self daaraan mee te doen. Dit is 'n noodsaaklike deel van die totale opvoeding van die kind, want dit bied die kind 'n geleentheid om sy emosies, kennis en belewenisse uit te druk anders as deur te praat.

Sake om in gedagte te hou

Dit is baie belangrik dat musiekopvoeding altyd 'n genotvolle ervaring moet wees en dit is net moontlik as die ouer/onderwyseres entoesiasties is oor wat in hierdie tyd gedoen word.

Die mikpunt van sing is om suiwer en soet te sing en daarom moet skree-sing ten alle koste vermy word. Dit plaas in elk geval onnodige spanning op die stembande.

Musiekopvoeding omvat vier komponente wat voortdurend afgewissel word, nl. luisteraktiwiteite, sing, musiek en beweging en instrumentale spel. Vir instrumentale spel is dit baie lekker as 'n mens 'n driehoekie, 'n tamboeryn, 'n ratel en 'n trom kan hê. Indien te duur om aan te koop, kan meeste daarvan tuisgemaak word. Instrumente van kombuisapparaat kan ook goed werk. Twee stokkies waarmee die ritme getik word is maklik om te kry.

Uittreksel

Musiektyd kan soms net aan een komponent gewy word en ander kere weer aan twee of selfs meer. Die begin van die les hoef amper nooit formeel aangekondig te word nie. Die juffrou of ouer gaan sit eenvoudig op haar stoel by die mat en begin sing, die kind(ers) sing saam en kom nader; of sy skakel 'n kasset aan met die inleidingsmusiek van les en dit dien as teken vir die kind(ers) dat hulle nader moet kom.

Wanneer musiek en beweging gedoen word, is dit baie belangrik om kind(ers) geleentheid te gee om spontaan te beweeg en hulle eie uitdrukking aan die musiek te gee. Later kan hulle geleer word om te wals en soms kan 'n eenvoudige volkspele(dansie) ook aangeleer word. Die beweging op musiek kan met die hele liggaam gedoen word, of net met sekere liggaamsdele, soos die arms, die hande of die kop. 'n Groot verskeidenheid bewegings is moontlik met die hande: klap, tik op bene of die grond, vingers klap, vloeiende handbewegings, instrument (soos trom) speel.

In die voorstelle hieronder word slegs die hooftrek van die les gegee. Die begin en afsluiting word self uitgewerk om by persoonlike omstandighede te pas. 'n Ouer of onderwyseres wat klavier of 'n ander instrument kan bespeel, het natuurlik 'n groot voordeel, maar die afwesigheid daarvan hoef nie die musiekopvoeding te benadeel nie.

Herhaling

Die program word in ‘n siklus van drie jaar opgestel sodat kinders in gr 1, 2 en 3 almal hierdie jaar dieselfde aktiwiteit kan aanpak.

Voorgestelde aktiwiteite

Week 11

Gebruik *Vader Jakob* om nootlengtes te verduidelik. As kind(ers) nog min musiekagtergrond het, konsentreer eers net op die lang note, andersins kan al die verskillende note in die liedjie bespreek word.

Week 12

Luister na 'n stukkie eenvoudige klaviermusiek en identifiseer nootwaardes deur saam te klap en te bespreek.

Week 13

Gebruik instrumente en speel 'n eenvoudige liedjie wat op 'n kasset is, saam. Let veral op die nootwaardes en bespreek verskillende metodes waarop lang note met slaginstrumente gemaak kan word, bv. roffel (aanhoudende kort tikke op ‘n trom; tingel driehoekie aanmekaar of skud tamboeryn of ratel vir die hele tyd.

Week 14
Vertel 'n musiekstorie bv. Miemie is 'n dogtertjie wat baie graag saam met haar ouers in die veld gaan stap. Hulle trek vir hulle lekker stewige stewels aan en dan loop hulle op 'n voetpad. As hulle so stap, hoor hulle hulle eie voetstappe op die grond; hulle hoor die wind deur die takke van die bome waai en hulle hoor die voëltjies wat sing. Vandag stap hulle in 'n klofie tussen twee berge op. Nadat hulle lank geklim het, kom hulle skielik by die mooiste waterval. Die water raas as dit oor die klippe in die poel onder stort. Gou-gou trek hulle hulle boklere, skoene en kouse uit en duik met hulle swemklere in die water. Die water is yskoud en Miemie gee 'n gilletjie toe sy in die water spring. Maar dit is so verfrissend dat sy nie omgee vir die koue nie en gou baljaar hulle lekker in die water.
Kom ons vertel nou die storie met musiek: (Gebruik 'n klavier indien kundig genoeg om die bewegings voor te stel, anders kan 'n klokkie, 'n trom en 'n rammelaar gebruik word.) Miemie-hulle loop hard met hulle stewige stewels. (Speel marsmusiek of slaan 'n staptempo op die trom [kind(ers) stap op die maat van die musiek agter mekaar soos in 'n voetpad]. Terwyl hulle stap hoor hulle hulle eie voetstappe (marsmusiek) [kind(ers) stap steeds]. Hulle hoor ook die wind deur die bome (speel strelende musiek of gebruik die rammelaar om 'n sagte geruis te maak) [kind(ers) stap steeds maar luister]. Hulle hoor ook die voëltjies (vinnige, kwetterende musiek of speel met die klokkie)[kind(ers) staan stil en luister, stap weer]. Nou kom hulle by die waterval – o, dis mooi! Die waterval raas (watermusiek of maak 'n harde geraas met die rammelaar) [kind(ers) staan stil en kyk in verwondering]. Hulle trek gou hulle boklere uit (opgewekte musiek of klokkie en rammelaar saam) [kind(ers) mimiek uittrek van boklere, skoene en kouse] en duik in die water (harde akkoorde of slae met trom) [mimiek induik en inspring - gilletjies]. Gou baljaar hulle lekker in die water (vrolike musiek of klokkie en rammelaar saam) [kind(ers) mimiek swem en in-die-water speel].

Week 15
Luister na 'n paar verskillende snitte musiek en kategoriseer die snitte, bv. instrumentale musiek, sang met begeleiding en sang sonder begeleiding.

Uittreksel

Week 16
Leer 'n nuwe liedjie sing – kies 'n kanon, maar sing hierdie week net in een groep.

Week 17
Sing liedjie wat die vorige week geleer is, weer en sing dan in groepe.

Week 18
Speel marsmusiek en tel die ritme, 1, 2, 3, 4. Marsjeer dan op die ritme. Luister waar lang note voorkom en staan daar stil.

Week 19
Luister na musiek wat op 'n walsritme is. Bespreek die ritme en tel dit saam.

Week 20
Algemene hersiening

Week 21
Leer kind(ers) wals, eers sonder musiek, net op die getelde ritme.

Week 22
Leer 'n liedjie met 'n defnitiewe walsritme, soos *Ek soek na my Dina*

Week 23
Sing *Ek soek na my Dina* en oefen die walsbewegings daarop

Vakgids: Skrif

In hierdie deel word verduidelik hoe om u kind te leer skryf. Daarby kry u 'n vel met die titel: “Kyk hoe vorder ek met skryf.” Dit kom in die kind se lêer en daarop word elke dag afgeteken sodra die dag se werk afgehandel is. Lees vir die kind die opskrifte op die aftekenvel (by weke 11, 18, 26 en 32) wanneer toepaslik, sodat hy ook daarmee 'n oorsig oor die werk kan kry. Indien daar 'n dag nie skrif gedoen is nie, maak net 'n >-teken wat beteken dat die dag se werk oorstaan. Voordat daar na 'n volgende stel oefeninge oorgegaan word is daar gewoonlik een of twee dae waarin werk wat oorgestaan het, ingehaal kan word. (Kyk onder by **Dae oorslaan**)

Doel van skrif

Die doel van skrif is om die kind te lei om 'n goeie, leesbare, duidelike handskrif aan te kweek. Om dit suksesvol reg te kry, moet hy die korrekte houding hê, die boek reg voor hom neersit en die skryfding reg vashou.

Die korrekte sithouding

Die ideaal is om op 'n stoel te sit wat laag genoeg is dat die voete gemaklik op die grond kan rus. Die tafel moet dan net so hoog wees dat die voorarm gemaklik daarop kan beweeg sonder dat die rug onnodig buig of die skouer moet oplig. Die oë moet ongeveer 30 cm van die boek of papier af wees.

Die boek se plek

Die regshandige kind sit sy boek of papier aan die regterkant van die middelpunt van die liggaam en hou die boek teen 'n hoek van 15-20º met die onderste rand van die tafel.

Die linkshandige kind sit sy boek aan die linkerkant van die middel van die liggaam. Die boek moet skuins na regs gedraai te word met 'n hoek van 50º met die tafelrand. Die hoek is baie belangrik anders kan die kind se pols ombuig en kan hy 'n ongewenste handposisie gebruik.

Uittreksel

Skryfinstrumente

Eers word van vetkryte gebruik gemaak. Dit moet die dikker stewige soort wees wat die kind gemaklik met sy duim en voorvingers kan vashou. Die hand- en vingerspiere moet ontspanne wees, maar die greep moet ferm wees.

Wanneer potloodkryte en later 'n potlood gebruik word, word dit net met die duim en middelvinger van die skryfhand vasgehou terwyl die wysvinger liggies daarop rus, sodat die potlood met 'n gemaklike beweging oor die papier getrek (regshandiges) of gestoot (linkshandiges) word.





Vingeroefeninge

Voor elke skrifles word eers een of twee vingeroefeninge gedoen. Wissel dit na willekeur af. “Braingym” is ook baie nuttig.

Klavierspeel op die tafel

Speel gelyktydig met altwee hande op 'n denkbeeldige klavier op die tafel. Sorg dat alle vingers speel. Elke kind speel na willekeur met sy vingers.
Geordende klavierspeel
Soos bo, maar onderwyseres/ouer sê voor: Duim, *(tik met die duim op die tafel)* een *(tik weer)*, twee *(tik weer)*, voorvinger, een, twee, middelvinger, een, twee, ringvinger, een, twee, pinkie, een, twee. Eers net regterhand, dan linkerhand, dan albei hande saam. Later kan vingers en hande deurmekaar geoefen word, bv. links voorvinger, een, twee, regs pinkie, een, twee, links ringvinger, een, twee, ens.

Frommeloefening

Gebruik 'n ou telefoongids. Maak die boek oop op die tafel voor die kind. Hy sit dan elke hand op 'n bladsy en frommel die bladsy op, sonder om dit te skeur. Net daarna word die gefrommelde bladsy weer platgestryk, gebruik al die vingers van 'n hand gelyktydig op 'n bladsy daarvoor. Blaai om en frommel en stryk nog 'n bladsy glad. Doen so vyf op 'n slag.

Sterretjies skiet

Maak die hande vuiste en skiet die vingers oop. Doen sowat 10 keer agter mekaar.

Tik die vingers

Tik twee keer met die duim op die voorvinger, dan met die duim op die middelvinger, dan op die ringvinger en dan op die pinkie. Doen hande apart en dan gesamentlik. Vir afwisseling kan die vingervolgorde later na willekeur verander word en meer as een keer teen elke vinger getik word.

Ontspanne krabbeloefeninge

Op 'n rofwerkpapier kan vir 'n minuut of twee ontspanne krabbels gemaak word. Dit is veral vir die linkshandige kind belangrik om 'n natuurlike beweging van die potlood te verseker en die korrekte greep van die skryfinstrument by almal in te skerp.

Uittreksel

Skud altyd die hande saggies los na die oefeninge.

Musiek en motivering

Rustige klassieke musiek is bevorderlik vir 'n rustige, ontspanne skryftyd.

Die kind moet aangemoedig word om sy bes te probeer om die letter reg te vorm. Die regte beginplek is die heel belangrikste in die aanleer van 'n letter omdat dit die aanleer van verdere soortgelyke letters vergemaklik.

Prys die kind se pogings. Probeer om nie te sê: “Nee, dis verkeerd nie,” behalwe as die kind duidelik moedswillig is. As die kind enigsins probeer, wys hom vriendelik hoe om dit nog beter reg te kry. Lê klem om die aspekte of letters wat hy reg kry. Indien 'n mens skrif negatief benader, raak die kind(ers) soms so benoud dat hulle glad nie wil skryf nie.

Dae oorslaan

Indien daar op 'n dag nie skrif gedoen kan word nie, moet daar die volgende dag met die volgende letter aangegaan word, moenie bv. as Dinsdag uitgeval het met Woensdag aangaan en Dinsdag se letter oorslaan nie. Die volgorde waarin die letters geleer word, is baie belangrik. Daar is hier en daar twee dae wat gebruik kan word om weer by te kom. Moet dus nie deurmekaar werk om by die dagname te hou nie – verander die dagname en nie die volgorde nie.

Weke 11-17 op gevoude papier

Vir weke 11-17 word 'n blankovel papier dwarsgedraai en dan drie maal gevou. (Laat die kind(ers) dit self doen.) Wanneer die papier weer oopgevou word, het dit 8 “straatjies”. (Kyk foto’s onder.)



Die eerste ry letters word in die tweede straatjie van bo af geskryf met 'n *vetkryt*. Die boonste lyntjie is sodoende beskikbaar vir hoofletters en letters soos h en k se boonste dele, (hulle koppe). Die letter se lyf moet die hele straatjie vol maak.

Die hand waarmee nie geskryf word nie, se wysvinger word langs die voltooide letter neergesit om die grootte van die opening tussen twee letters aan te dui. 'n Merkie kan gemaak word waar die vinger eindig. Die tweede letter word dan net regs van die merkie begin. Daar kom weer 'n vinger afstand voor die derde letter gemaak word en so verder tot die lyntjie vol is. Die beskrywing van elke letter is soos 'n rympie wat die kind vir homself opsê terwyl hy die letter maak; daarom word dieselfde woorde oor en oor gebruik.

In die derde straatjie onder die eerste ry letters word die tweede ry op dieselfde wyse as die eerste ry geskryf. Die derde straatjie word gebruik sodat daar 'n spasie is vir die "beentjies" van letters soos y en g wat onder uithang en vir die koppe van die volgende ry se letters.

Na die tweede lyntjie letters geskryf is, word weer twee straatjies oorgeslaan en in die laaste straatjie word die patroontjie wat by elke letter aangegee word, gemaak. (Kyk ook foto onder)

Uittreksel

Week 11

Maandag

Stappe:

- Musiek aan
- Vingeroefeninge: Soos bo gegee
- Maak 'n mooi groot i waar die kind dit kan sien en ontleed die letter: "Die i (gebruik klanknaam i, soos 'n en nie "ie" nie) is 'n reguit lyntjie met 'n kolletjie bo-op."
- Verduidelik aan die kind hoe om die letter i te maak en demonstreer op 'n swartbord, lei, of ander stuk papier: "i is 'n baie maklike letter. Begin op die boonste vou van die derde straatjie en trek 'n reguit lyntjie af tot op die onderste vou. Stop. Sit 'n klein kolletjie bo-op – (nie 'n kringetjie nie).




Vakgids: Wiskunde

In hierdie deel word verduidelik hoe om u kind(ers) te laat Wiskunde doen. Hierby hoort die doelwitvel met die titel: “Kyk hoe vorder ek met my Wiskunde.” Dit kom in die kind se lêer en daarop word elke keer afgeteken sodra die opdragte afgehandel is.

Dit is belangrik om wanneer op die vorderingsvel afgeteken word, met die kind te gesels oor hoeveel hy al gedoen het en soms ook terug te dink aan wat al bereik is.

Doel

Die doel met Wiskunde is om die fasette van die lewe te leer ken waar Wiskunde 'n rol speel. Dit sluit onder andere die gebruik van logika, simbole en abstrakte begrippe in.

Handboek

Die handboek **Moderne Basiese Wiskunde Graad 1** deur Ansie du Toit en Gert van der Westhuizen uitgegee deur Maskew Miller Longman, word voorgeskryf . Die onderwysershandleiding wat daarmee saamgaan: **Gebruik so Moderne Basiese Wiskunde Junior Primêre Onderwysgids** deur dieselfde skrywers en uitgewers, word ook baie sterk aanbeveel. Lees die inleidings en voorwoorde van beide boeke om 'n goeie begrip te kry waarheen gemik word met Wiskunde op hierdie vlak. Die onderwysersgids is dieselfde vir graad 1, 2 en 3.

Herhaling

Hierdie program is spesifiek gerig op graad 1's en verskil van die programme vir die graad 2's en 3's en word dus nie soos sommige ander aspekte in 'n siklus van drie jaar aangebied nie. Om die waarheid te sê behoort die verdeling nog fyner te wees, want nie alle graad 1-kinders of sewejariges se wiskundige ervaring en begrip is op dieselfde vlak nie.

Uittreksel

Differensiëring

Soos ook in die handboek en onderwysgids aangetoon, is dit baie belangrik om elke kind op sy vlak te ontmoet en vandaar af te vorder.

Daarom moet die ouer/onderwyser sorg dat elke kind die opdragte goed begryp en kan doen. Wiskunde moet 'n uitdaging bly, die kind(ers) wat sukkel moet genoeg oefening en hulp op hulle vlak kry en dié vir wie dit maklik is, kan meer doen as wat hier gegee word en moet dus nooit teruggehou word nie.

Aktiwiteite

Telaktiwiteite

Telaktiwiteite is die basis van meeste wiskundige begrippe. Daarom word daar drie oggende van die week met telaktiwiteite begin. Die kind wat een aktiwiteit maklik reg kry moet uitgedaag word met moeiliker opdragte, terwyl die kind wat 'n maklike aktiwiteit nog nie regkry geoefen moet word tot dit vasgelê is, al word daar nie naastenby by al die ondergenoemde aktiwiteite uitgekom nie. Wissel egter die aktiwiteite af om dit interessant te hou, maar bly in 'n klein getalgebied, bv. aan die begin net tussen 1 en 10 en dan stelselmatig verder. Teen die einde van die jaar word verwag dat die kinders tot 34 moet kan tel.

Daar is 'n verskeidenheid telaktiwiteite waaruit gekies kan word, bv.

- Tel gewoon tot by 'n sekere getal (bv. 6, 10, 15, 24, 39, ens tot by 100)
- Tel terug van 'n getal tot by 0. (Van enige getal af, 100 en kleiner.)
- Leer telrympies.
- Marsjeer en tel tot by 10, 20 of 30, ens.
- Tel kolletjies op 'n dobbelsteentjie wat gegooi word.
- Tel 'n konkrete aantal voorwerpe wat gewys of uitgesoek word.
- Tel voorwerpe op prentjie wat voorgehou word.
- Tel 'n gegewe aantal voorwerpe (bv. appelkoospitte / knope) uit 'n groot houer vol voorwerpe.
- Tel in die verbeelding hoeveel bene het drie mense, vier hane, twee honde, ens.
- Tel die ewe getalle tot 10, later 20 en later verder.
- Tel die onewe getalle tot 10, later 20 en later verder.

Beskrywing van rekenaarprogramme wat afsonderlik beskikbaar is.

Rekenaarinoefenprogram vir klanke

Die rekenaarprogram word gebruik om die klanke wat in die werkstyd bekendgestel en aangeleer is in te oefen. Die groot voordeel is dat elke kind teen sy eie tempo die klanke kan vaslê. Daarom word die program vanaf week 3 of sodra die s-klank geleer is, gebruik.

Verdere inligting oor die gebruik van die rekenaarprogram verskyn op die doelwitvel daarvoor wat afsonderlik saam met die rekenaarprogram verskaf word.

Die metode waarvolgens die klanke bekend gestel en aangeleer word, verskyn in die vakgids:"Klanke aanleer en Spelling" vroeër in hierdie gids.

Rekenaarinoefenprogram vir spelling

Die rekenaarprogram word gebruik om die spelwoorde wat op Dinsdae bekendgestel is te oefen. Daarom word die program vanaf week 14 of wanneer daar vir die eerste keer met spelwoorde begin word, gebruik.

Verdere inligting oor die gebruik van die rekenaarprogram verskyn op die doelwitvel daarvoor wat afsonderlik saam met die rekenaarprogram verskaf word.

Die metode waarvolgens die spelwoorde gegee en getoets word, verskyn in die vakgids:"Klanke aanleer en Spelling" vroeër in hierdie gids.

Uittreksel

Rekenaar-Kenwebvaardighede

Die rekenaarprogram is ‘n hulpmiddel om die kind voor te berei vir die manier van werk van graad 4 af.
Dit word gedoen aan die hand van vyf boekies wat oor interessante onderwerpe handel.Dit is baie belangrike oefening vir goeie lees en die ontwikkeling van rekenaarvaardighede. Hierdie rekenaarprogramme word vanaf week 21 gebruik, of vroeër vir die kind(ers) wat maklik lees en nog uitdaging soek.

Dit is belangrik dat die kind eers die boekie as eenheid deurlees om te verstaan waaroor dit handel, voordat die rekenaarwerk aangepak word.

Verdere inligting oor die gebruik van die rekenaarprogram verskyn op die doelwitvel daarvoor wat afsonderlik saam met die rekenaarprogram verskaf word.

Rekenaarprogram vir Visuele persepsie

Die rekenaarprogram van Junior Sergo is ideaal vir die inoefening van visuele vaardighede wat kinders help om Wiskunde en spelling makliker en akkurater te kan doen. Dit word vanaf die eerste week in graad 1 gebruik.

Daar is vier modules wat elke jaar van graad 0 – 3 met verskillende vereistes deurgewerk word. Die vier modules is visuele diskriminasie: verskille en ooreenkomste; ruimtelike oriëntasie, visuele geheue en visuele opeenvolging.

In elkeen van die modules word prentjies, kleure, vorms, syfers, letters, woorde en sinne op drie moeilikheidsgrade gebruik om die vaardighede mee te oefen.

In graad 1 word dieselfde oefeninge as graad 0 gebruik, maar nou moet die kind tien vragies reg beantwoord om ‘n oefening te voltooi. In hierdie jaar moet ‘n mens daarna strewe om die doelwitvel deurgewerk te kry, maar as die kind dit nie regkry nie, is dit nie ‘n groot probleem nie. Werklike begrip is belangriker as die blote afteken van oefeninge. Kinders sukkel dikwels met aspekte van die visuele opeenvolging. As hulle dit na twee dae se probeer, nog nie onder die knie kry nie, moet die ouer die kind na die volgende oefening toe skuif en wanneer die doelwitte almal voltooi is, terugkom na die oefeninge.

Verdere inligting oor die gebruik van die rekenaarprogram verskyn op die doelwitvel daarvoor wat afsonderlik saam met die rekenaarprogram verskaf word.

Rekenaartik

Om met 10 vingers te kan tik is in hierdie eeu ‘n belangrike vaardigheid. Kinders leer dit maklik aan as hulle van die begin af dit reg begin doen. Sorg dus dat u kind die regte vingers vir elke toets gebruik, al neem dit aan die begin langer as die doelwitte, kinders is nie ewe handvaardig nie en dis baie belangriker om dit **reg** te doen as om te “vorder” op die verkeerde manier. Die kind kan reeds die eerste week van graad 1 hiermee begin, maar dit is baie belangrik dat sy nie die doelwitte ten alle koste sal najaag nie, maar eerstens reg sal leer tik. Daar is nog baie jare oor om vinnig te leer tik.

Verdere inligting oor die gebruik van die rekenaarprogram verskyn op die doelwitvel daarvoor wat afsonderlik saam met die rekenaarprogram verskaf word.

Rekenaarwiskunde

Die rekenaarprogram is maklik om te gebruik en word van week 1 af gebruik. Dit bevestig en bevorder die wiskundige begrippe en vaardighede wat in die werktyd op ander maniere behandel word. Die kinders geniet dit gewoonlik baie. Omdat hulle op hierdie stadium nog nie die aanwysings kan lees nie, is dit belangrik dat die ouer/onderwyseres byderhand is om te help waar nodig. Dit is verbasend om te sien hoe gou hulle wel hulleself kan help, al kan hulle dikwels nog nie lees nie.

Verdere inligting oor die gebruik van die rekenaarprogram verskyn op die doelwitvel daarvoor wat afsonderlik saam met die rekenaarprogram verskaf word.

Uittreksel

Riglyne vir die gebruik van Kenweb se Aanvangsonderrig-graadhandleidings vir meer as een graad gelyktydig

Voorbeelde van situasies waarin hierdie werkswyse nodig is

'n Tuisskool met kinders in graad 1 en graad 3. Omdat aanvangsonderrig soveel direkte interaksie behels, is daar nie genoeg tyd om albei grade se werk aan te bied nie.

'n Klein skool met kinders in graad 1, graad 2 en graad 3. Omdat daar min kinders is, word dié drie grade saam geplaas, maar die onderwyseres het nie tyd om elke graad se werk afsonderlik te doen nie.

Kenweb se aanvangsonderrigpakkette vir graad 1 tot graad 3 is ontwerp om hierdie probleme grootliks te ondervang.

Vakke met een inhoud vir al drie grade

Die vakke wat hoofsaaklik mondelings gedoen word en bespreking vereis, is in 'n siklus van drie jaar beplan en word in een groep saam behandel.

Toepassing op die tuisskoolvoorbeeld hierbo met een vak, Bybelonderrig as voorbeeld
Jaar 1. U eersteling is in graad 1
Gebruik die graad 1 graadhandleiding. U begin volgens die handleiding met Bybelonderrig by Genesis 1.
Jaar 2. U eersteling is in graad 2
Gebruik die graad 2 graadhandleiding. U gaan volgens die handleiding in Bybelonderrig aan met Eksodus
Jaar 3. U eersteling is in graad 3 en die tweede een in graad 1
Gebruik die graad 3 graadhandleiding. U gaan volgens die handleiding in Bybelonderrig aan met
Jaar 4. U tweede kind is in graad 2
Gebruik die graad 1 graadhandleiding. U begin volgens die handleiding met Bybelonderrig by Genesis 1
Jaar 5. U tweede kind is in graad 3
Gebruik die graad 2 graadhandleiding. U gaan volgens die handleiding met Bybelonderrig aan met Eksodus
Wanneer albei die kinders dus met graad 3 klaar is, het elkeen al die werk gedoen, net in 'n verskillende volgorde.

Uittreksel

Hierdie beginsel geld net so vir die volgende vakke:
Afrikaans en Lewensvaardighede temas *
Engels
Kuns
Liggaamsopvoeding
Musiekopvoeding

* Die skryfwerk vir Afrikaans en die aktiwiteite vir Lewensvaardighede is so opgestel dat daar vir elke graad 'n aparte opdrag is om by sy vlak van ontwikkeling te pas, wat by die week se tema inpas.

Vakke met aparte inhoud vir elke graad

Die vakke wat op die kind se spesifieke ontwikkelingsvlak gemik is, kan egter nie ook in so 'n drie-jaarsiklus gedoen word nie. Daar is dus in die graadhandleidings vir elke vak spesifieke aanduidings van hoe en wat in elke jaar gedoen moet word. Indien u kinders in meer as een graad het, sal u die graadhandleidings vir elkeen van die grade benodig om die spesifieke inligting te bekom.

Hierdie beginsel geld vir die volgende vakke:
Afrikaans lees
Spelling en woordbou
Skrif
Wiskunde

Rekenaarprogramme

Vier van die rekenaarprogramme wat vir graad 1 tot 3 gebruik word, is telkens een program wat eenmalig aangekoop en elke jaar weer gebruik word. Daar is egter vir elke graad 'n ander doelwitvel wat gemik is op vordering en 'n groter natuurlike vaardigheid soos die kind ouer word.

Die vier rekenaarprogramme wat eenmalig gekoop word, is:
Visuele persepsie
Rekenaartik: Vinnige Vingers
Wiskundekombinasies
Ken jou tafels

Die ander rekenaarprogramme verskil elke jaar en 'n nuwe een moet vir elke graad aangekoop word. Hierdie programme is:
Afrikaanse sigwoorde: net vir graad 1 en 2
Engelse sigwoorde
Kenwebvaardighede
Spelling
Rekenaarwiskunde
Afrikaans: net vir graad 3
Engels: net vir graad 3

Hierdie rekenaarprogramme het elkeen hulle eie vakgids of doelwitvel wat die gebruik en indeling van die vak gee.

Dagprogram

Uittreksel

Die dagprogram vir elke graad is so opgestel dat die vakke wat gesamentlik gedoen word, op dieselfde tyd val. Ook vakke waarvan die aktiwiteite verskil van graad tot graad soos Wiskunde en skrif val op dieselfde tyd want elke kind kan op sy eie aangaan. Waar daar egter spesifiek van die begeleier se aandag vir een graad benodig word, is gepoog om die werk, bv spelling en woordbou op verskillende tye in te pas. Die ander grade kan gewoonlik dan met 'n eie aktiwiteit aangaan terwyl die ouer/onderwyseres met een van die grade besig is. Die graad 3's het al meer tyd op die rekenaar nodig en daarvoor is ook tyd ingeruim as die ander grade met individuele werk besig is. Dit is soms goed om die graad 1's 'n bietjie vroeër huistoe te laat gaan, die graad 2's op hulle eie te laat aangaan sodat die werk in die Engelse en moontlik Afrikaanse handboek met die graad 3's behandel kan word

Om dieselfde rede is die woordbou-aktiwiteite van die graad 3's op 'n ander dag en tyd as die ander twee grade s'n.